higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR-VLAK 3

(9020053)

14 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs SWART of BLOU ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Jy is die adviseur vir beroepsgesondheid en –veiligheid in 'n mynboumaatskappy. Gedurende jou tyd daar kom jy voor verskeie take te staan.

Beantwoord die volgende vrae oor werkplekgebaseerde gesondheidsorg.

1.1 Definieer die term *werkplekgebaseerde gesondheidsorg.* (3)

1.2 Noem die VIER gesondheidsorgalternatiewe wat deel van werkplekgebaseerde gesondheidsorg vorm, wat deur die maatskappy geïmplementeer moet word. (4)

1.3 Werkplekgebaseerde gesondheidsorg vorm deel van privaat gesondheidsorg.

Identifiseer TWEE maniere waarop daar gewoonlik vir privaat gesondheidsorg betaal word. (2)

1.4 Bespreek hoe werkplekgebaseerde gesondheidsorg tot voordeel van die werkgewer kan strek. (5 × 2) (10)

1.5 Een van die werkers word beseer terwyl hy werk.

Bespreek hoe die volgende wette 'n rol in hierdie scenario speel:

1.5.1 Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid

1.5.2 Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes

1.5.3 Wet op Mediese Skemas

1.5.4 Wet op Arbeidsverhoudinge

(4 × 2) (8)

1.6 Die werkgewer moet na 'n groot privaat hospitaal toe gaan.

Noem DRIE van die grootste rolspelers in privaat hospitale in Suid-Afrika. (3)

[30]

VRAAG 2

2.1 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of 'n term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

bruikhuurkontrak; bestuurskontrak; dienskontrak; dividend; King II(I)-verslag; Maatskappywet

2.1.1 Die regering betaal 'n privaat entiteit on fasiliteit te bestuur.

2.1.2 Die regering betaal 'n privaat entiteit om dienste te lewer.

2.1.3 'n Privaat entiteit gebruik regeringsfasiliteite.

2.1.4 Privaat maatskappye is ingevolge hierdie dokument geregistreer.

2.1.5 Privaat maatskappye doen welsynswerk (filantropiese werk) ingevolge hierdie dokument.

(5 × 1) (5)

2.2 Definieer die volgende terme:

2.2.1 Mediese toeris (2)

2.2.2 Nosokomiese infeksie (1)

2.3 Kategoriseer die volgende stellings in tabelvorm, as OPENBARE of PRIVAAT gesondheidsorg. Skryf slegs die letter (A–L) in 'n kolom soos hier onder aangedui in die ANTWOORDBOEK neer.

A – Dienste is gratis
B – Dienste is nie gratis nie
C – Word meestal deur dokters behandel
D – Word meestal deur verpleegsters behandel
E – Word deur die regering betaal
F – Word deur pasiënte of mediese skemas betaal
G – Bedien 'n minderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking
H – Bedien 'n meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking
I – Medisyne en behandelings is gratis
J – Jy moet vir medisyne en behandelings betaal
K – Het die opsie vir privaat kamers
L – Het nie die opsie vir privaat kamers nie

VOORBEELD:

OPENBAAR	PRIVAAT
X	Y
Z	W

(12 × 1) (12)

2.4 Verduidelik hoe die fokus van die Primêre Gesondheidsorgherontwerpmodel van die Primêre Gesondheidsorgmodel verskil. (3 × 2) (6)

2.5 Waarom is die Kwaternêre Gesondheisorgmodel verskillend van tersiêre gesondheidsorg? (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n term/ uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Kan swanger vroue help	A	tradisionele sjirurg
3.1.2	Betrokke by besnydenis van jong seuns tydens Afrika-rituele	B	geloofsgeneser
3.1.3	Sal moetie ('muti') verskaf om siektes te genees	C	tradisionele vroedvrou
3.1.4	Kan 'n individu se behoeftes voorspel sonder dat hulle jou daarvan hoef te vertel	D	chiropraktisyn
3.1.5	Sal heilige water gebruik om pasiënte te genees	E	waarsêer
		F	kruiedokter

(5 × 2) (10)

3.2 Noem DRIE tipes waarsêers in tradisionele medisyne. (3)

3.3 Bespreek die geskiedenis van tradisionele medisyne in Suid-Afrika met verwysing na DRIE fases (en wat daartydens gebeur het) asook TWEE wette wat 'n belangrike rol gespeel het. (3 × 2) (6)

3.4 Verduidelik hoe tradisionele gesondheidsorgpraktisyns met die voorsiening van primêre gesondheidsorg kan help. (3)

3.5 Tradisionele medisyne het deur die jare voor talle uitdagings te staan gekom.

Bespreek of tradisionele medisyne deur mediese skemas as 'n vorm van privaat gesondheidsorg aanvaar word. (3)

3.6 Ontleed die gebruik van aanvullende medisyne in Suid-Afrika deur gemeenskapslede; met ander woorde, dink jy mense gebruik dit, en hoekom? (5)

[30]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die volgende tipes gesondheidsorg:

4.1.1 Die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel met winsoogmerk (4)

4.1.2 Tradisionele medisyne (5)

4.1.3 Aanvullende medisyne (4)

4.1.4 Tersiêre gesondheidsorg (1)

4.2 Noem die statutêre raad wat die volgende tipes medisyne reguleer:

4.2.1 Westerse medisyne

4.2.2 Tradisionele medisyne

4.2.3 Aanvullende medisyne

(3 × 2) (6)

4.3 Die afgelope paar jaar het die gebruik van aanvullende medisyne toegeneem.

4.3.1 Verduidelik die geskiedenis van aanvullende medisyne in Suid-Afrika wat tot hierdie toename gelei het. (2)

4.3.2 Bespreek wat mense kan doen om die risiko wat met die gebruik van aanvullende medisyne gepaardgaan, te verminder. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 5

5.1 Noem of die volgende beskrywings by TRADISIONELE of AANVULLENDE medisyne pas. skryf slegs jou antwoord, naamlik 'Tradisionele' of 'Aanvullende' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Gebruik naalde om drukpunte in die liggaam te verlig

5.1.2 Gooi bene om die pasiënt se siekte te verstaan

5.1.3 Genees deur gebede

5.1.4 Gebruik vlugtige olies vir genesende doeleindes

5.1.5 Genesing vind plaas wanneer die pasiënt in 'n beswymings-toestand geplaas word

(5 × 2) (10)

5.2 Aanvullende gesondheidsorgpraktisyns moet aan streng regulasies voldoen.

5.2.1 Noem die wet wat aanvullende gesondheidsorgpraktisyns reguleer. (1)

5.2.2 Noem VIER etiese beginsels wat aanvullende medisyne volg. (4)

5.2.3 Gee VYF waardes van aanvullende medisyne. (5)

Kopiereg voorbehou

5.3 Jy wil 'n nuwe organisasie sonder winsoogmerk (NPO) oprig, wat gesondheidsorgdienste aan die gemeenskap verskaf. Jy besluit op 'n Vrywillige Vereniging.

5.3.1 Verduidelik die registrasie van vrywillige verenigings. (2)

5.3.2 Bespreek VIER verskillende befondsingsmetodes wat jy vir jou NPO kan gebruik.

(4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 6

6.1 Skryf die volgende afkortings volledig uit:

6.1.1 BSO ('CSO')

6.1.2 NRO ('NGO')

6.1.3 NWO ('NPO')

6.1.4 GGO ('CBO')

6.1.5 OWO ('PBO')

(5 × 2) (10)

6.2 Noem VIER maniere waarop tradisionele medisyne van westerse medisyne verskil. (4 × 2) (8)

6.3 Gee voorbeelde van die DRIE hooftipes aanvullende medisyne. Maak gebruik van die tabeluitleg wat hier onder getoon word in die ANTWOORDBOEK.

NATUURLIKE PRODUKTE	**GEES-LIGGAAMMEDISYNE**	**MANIPULERENDE LIGGAAMSGEBASEERDE PRAKTYKE**
Voorbeelde: 1. 2. 3. 4. 5.	Voorbeelde: 1. 2. 3. 4.	Voorbeelde: 1. 2. 3.

(12 × 1) (12)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou